DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

JAN H. MARAISPRYS

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vra nominasies vir die Jan H. Maraisprys 2022

Doel: Om erkenning te gee vir ’n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op ’n hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.

Ontvangers: Die prys is in beginsel vir natuurlike persone bedoel, maar die keurkomitee mag ook besluit om dit aan ’n instelling of vereniging wat besonder verdienstelik is om Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder, toe te ken. Die prys mag nie tussen meerdere pryswenners verdeel word nie.

Prysgeld: R750 000 en tans ’n beeldjie, ‘Helpende Hand’, deur Coert Steynberg.

Oorhandiging: 26 Mei 2022 te Stellenbosch.

Nietoekenning: Dit staan die keurkomitee vry om in ’n bepaalde jaar geen toekenning te maak nie.

Nominasieformaat:

- Die voorsteller moet duidelik motiveer waarom ’n bepaalde kandidaat/instansie genomineer word.
- ’n Nominasie moet deur ’n voorsteller en twee sekondante onderteken word.
- Die grootste mate van vertroulikheid moet gehandhaaf word.
- Die volle name van die kandidaat, voorsteller en sekondante, asook landlyn- en selfoonnommers, adresse en e-posadresse moet verskaf word.
- ’n Voorstel moet gesteun word deur die jongste curriculum vitae asook publikasielys van die kandidaat, indien van toepassing.
- By die toekenning van die prys is die keurkomitee se besluit finaal. In die geval van ’n nominasie wat nie suksesvol is nie, sal geen korrespondensie of gesprekke na die toekenning gevoer word nie, nie met voorstellers en ook nie met kandidate nie.

Nominasies sluit op Vrydag 25 Februarie 2022
Bekendmaking van die prys: Einde April 2022

Rig nominasies per e-pos aan:

Die Hoof- Uitvoerende Beampte
ambeukes@akademie.co.za en c.c. nellie.engelbrecht01@gmail.com

Navrae: Hoof- Uitvoerende Beampte, prof. Anne-Marie Beukes
Sel: 083 675 8053